

# CHAIRMAN'S REPORT VOORSITTERSREDE

J C VON SOLMS

Dit is vir my 'n aangename voorreg om by hierdie opeessie van die 29ste algemene vergadering van die Misstofvereniging van Suid-Afrika 'n oorsig te kan gee van die stand van die misstofbedryf en terselfdertyd verslag te doen oor die aktiviteite van die Vereniging.

Ter inleiding wil ek my 'n oomblik bepaal by enkele statistieke. Misstofverkope van lede van die Vereniging, wat meer as 95 persent van totale misstofverkope in die RSA verteenwoordig, was weer eens teleurstellend. Die dalende verbruikstendens van die afgelope aantal jare is in die verslagjaar voortgesit. Nadat binnelandse verbruik in 1984 'n opflukking getoon het en met 10,5 persent gegroei het in vergelyking met die 1983 verkope, het die binnelandse verbruik van misstowwe nietemin sedert 1981 met 39 persent tot 'n vlak van 540 000 ton plantvoedsel in 1987 gedaal. Teen 'n gemiddelde plantvoedselkonsentrasie van 27,53 persent N + P + K, verteenwoordig dit 1 962 000 fisiese ton kunsmis.

Die 1987 syfer verteenwoordig 'n daling van 13 persent op dié van 1986. Vergeleke met die 1986 syfers het fosfaatverkope in 1987 die grootste daling van 18,5 persent getoon, terwyl stikstof- en kaliumverkope met onderskeidelik 12,5 en 7,5 persent gedaal het. Hoewel die swak vertoning van 1987 geaksentueer is deur groter as normale voorrade wat van 1986 oorgedra is, kan die feit dat ons in 'n krimpemde mark bevind, nie weggeredeneer word nie. Hierdie feit moet gesien word teen die agtergrond van wat die afgelope tyd in die landbou en die breër ekonomie gebeur het. Dit moet ook opgeweeg word teen wêreldtendense voordat voorspellings vir die toekoms gemaak word. Om dié rede is ons bevoorreg om vandag so 'n uitgelese paneel van sprekers te hê om ons in te lig oor hul siening van gebeure wat direk of indirek landbou in die algemeen en die misstofbedryf in die besonder vandag en in die toekoms kan raak.

Recent trends in the South African fertilizer market are to a large extent a reflection of what is happening in the rest of the world, and particularly in the developed market economies. In 1987 the Secretary General of the International Fertilizer Association declared that 'there is something in the fertilizer economy which is systematically reducing the future growth of fertilizer demand. A major bug seems to have got into the system'. Since 1980, 9 million tons of annual nitrogen production and 2 million tons of phosphoric acid production have been closed down. These closures have almost entirely taken place in the developed market economies. Surplus production of cereals, coarse grains and other primary agricultural products in predominantly the USA and some EEC countries, and subsequent measures to curb production, have obviously had a depressing effect upon fertilizer demand in these countries. Only marginal increases in standards of living in Africa and the rest of the Third World have also led to an over-estimation of fertilizer demand in developing countries. Apart from these rather obvious factors which have to some degree been taken into account in the IFA forecasts, other factors appear to have entered into the equation which determines the speed of change of global food/fertilizer relationships. The causes for this changing food/fertilizer relationship, and whether or not this change is permanent, is still largely a matter of speculation. I have merely relayed the world situation very briefly in order to put the South African fertilizer scene in a broader perspective.

In South Africa the situation has been exacerbated by the drought which persisted in the summer rainfall areas for the greater part of this decade. While there has recently been a significant improvement in the farming sector's cash flow and a concomitant decrease in total farm debt in the USA, the situation in South Africa with respect to total farm debt has shown no improvement.

*TABEL 1. Misstofverkope deur MVSA-lede sedert 1981*

	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987
	1 000 ton						
Fisies	3 290,2	2 931,3	2 229,8	2 448,5	2 401,2	2 207,7	1 962,2
Stikstof	522,7	462,7	336,3	385,8	382,0	374,3	327,1
Fosfor	230,2	210,6	168,5	172,6	156,6	142,5	116,0
Kalium	128,9	123,6	106,1	116,9	114,5	104,5	97,0
Totale plantvoedsel Indeks	881,9	796,9	610,9	675,3	653,1	621,3	540,1
	100,0	90,4	69,3	76,6	74,1	70,5	61,2
Plantvoedsel-konsentrasie	26,80	27,19	27,40	27,58	27,20	28,20	27,50

The recovery of South African agriculture will not take place overnight and the challenge to the South African fertilizer industry over the short term is in adapting to a shrinking market.

Ten einde oor die korttermyn te kon oorleef was die bedryf genoodsaak om produksie te rasionaliseer en drastiese besparingsmaatreëls in te stel. Dit is geen geheim dat kunsmismaatskappye grondstowwe, intermediaêre- en finale produk tussen fabriek uitruil om onnodige duplisering van produksiefasiliteite uit te skakel, en om kruisversporings soveel as moontlik te elimineer nie. Daar vind ook rasionalisasie op die terrein van grondstofaankope plaas waardeur aansienlike besparings op vervoer- en stoorkoste bewerkstellig word.

Dit is ironies dat hierdie maatreëls, wat ingestel is juis om die bedryf se oorlewing te verseker en wat ook verseker dat kunsmis teen die laags moontlike pryse aan verbruikers beskikbaar gestel word, deur sekere groepe gesien word as tekens dat die bedryf saamspan om onrealistiese pryse en verskaffingsvoorwaardes op die boerderygemeenskap af te dwing. Dit is waar dat kunsmispryse die afgelope jare stygings getoon het. Die vraag is of dié stygings redelik en geregverdig was, gegewe die inflasionistiese aard van ons ekonomie. Statistiek toon dat die netto gerealiseerde pryse wat kunsmisvervaardigers by die fabriekshek vir hul produkte sedert 1981 ontvang het, teen 'n jaarlikse saamgestelde koers van 11 persent tot aan die einde van 1987 gestyg het. Hierdie styging is aansienlik laer as die gemiddelde koerstoenname van beide die verbruikers- en produsenteprysindeks.




FIG 1. Indeks van netto kunsmis en mielieprodusentepryse teenoor ander indikators 1981 = 100

Aansprake van buitensporige prysstygings is dus ongegrond. Dat daar strawwe mededinging in die kunsmisbedryf is, ly geen twyfel nie. Daarvan getuig onder andere die prysoorloë wat van tyd tot tyd opvlam en die gunstige verkoopsvoorwaardes wat vandag deur die koper beding kan word, in vergelyking met wat moontlik was in die dae van prysbeheer. In enige kommoditeitsmark neig pryse om te stabiliseer op die laagste pryse wat op enige gegewe tyd in die markplek aangebied word. Dieselfde geld vir verskaffingsvoorwaardes. Daar is geen rede waarom dit anders moet wees vir kunsmis nie.

Leiers in die kunsmisbedryf het egter baie begrip vir die dilemma van talle boere wat weens produksieoorskotte tevrede moet wees met betreklik konstante netto-producentepryse vir hulle produkte. Hulle word deur omstandighede grootliks buite hul eie beheer verplig om op korttermyninsette in te kort; dikwels ten koste van die beginsels van optimale ekonomiese produksie. Hierdie verskynsel beklemtoon die dilemma waarin ons onderskeie bedrywe hulself bevind. Landbouprodusente kan — kollektief gesproke — hulself nie meer uit hul probleme 'uitboer' deur meer te produseer nie en die kunsmisbedryf kan uit blote altruïstiese oorwegings nie sy pryse verminder tot 'n vlak waar dit deur die koper as billik beskou word maar vir die privaat ondernemer op die lang duur nie meer lonend is nie. Die probleem is baie kompleks en word verder gekompliseer deur 'n volgehoue hoë binnelandse inflasie. Ofskoon daar welkome tekens is dat dit aan die afneem is, is dit nog steeds drie tot vier keer groter as dié van ons vernameste handelsvennote. Op die lang duur skep dit ernstige probleme vir ons bedryf om pryse in bedwang te hou en benadeel dit ons mededingendheid op die uitvoermark. Die oplossing van die probleem is ewe kompleks en lê natuurlik op die makro politieke-ekonomiese terrein. In hierdie opsig is die kunsmisbedryf slegs 'n deelnemer aan die spel en het hy weinig direkte invloed op die verloop daarvan, of op die beslissing van die skeidsregter.

Recently it was claimed that the South African fertilizer industry is overprotected against imports and that locally manufactured fertilizers such as urea and DAP are heavily overpriced when compared with landed costs of imported materials. It was also stated that the South African farmer was therefore subsidising the fertilizer industry to the extent of the disparity between the price of local and imported materials. Such an allegation must be regarded in a serious light since it does not take all the facts into consideration and consequently also reflects on the integrity of the industry. Our viewpoint on protection was clearly stated at our open session last year in Cape Town both in my annual report and in a paper presented by our director. It is therefore unnecessary to repeat everything that is on record. I would, however, like to stress the following points.

- The fertilizer industry enjoys a limited degree of selective tariff protection measures. Apart from an anti-dumping duty on urea, which was promulgated in the Government Gazette on 3 July 1987, and an *ad valorem* duty on superphosphates, all fertilizer raw materials, intermediate- and downstream products can be brought into this country free of duty. We do not believe that the present measures are adequate, but that is how the matter stands.
- Fluctuations in import parity price calculations are determined mainly by world market (spot) prices and R/\$ exchange rates. A change in one or on both of these parameters could lead to drastic changes in import parity over a short period of time.
- So-called world market prices seldom reflect true costs of manufacture, especially in respect of heavy-

ly traded commodities like DAP and urea. During periods of oversupply, these products are offered on the world market at prices equal to or even below marginal cost.

- Import parity comparisons often overlook the fact that so-called 'landed costs' do not represent a selling price ie no allowance is made for handling, bagging, financing, marketing and storage costs.

If urea and DAP (assuming free of duty import in the case of urea) are to be imported from say the US Gulf States today, it would be sold at prices 5 to 10 percent lower than locally manufactured products. Other commodities such as ammonium sulphate and double superphosphate, on the other hand, would cost more if it had to be imported today, again assuming that double supers could be brought in free of duty. During the greater part of '84, '85 and the first quarter of 1986 a significant positive disparity (in our industry's favour) has existed for urea and DAP, and would these products have cost up to 30 percent more to the local farming community if they had to be imported. When voices go up lobbying for the duty free importation of fertilizers, it is perhaps opportune to reflect upon the fiasco of urea imports in 1982 which had eventually led to an estimated loss over R20 million for the Maize Board.

In spite of the predominantly unfavourable market forces under which it had to operate, the industry as a whole is for the first time in years turning towards the black. This has been achieved mainly as a result of its rationalization and cost saving programmes. The industry can rightfully be proud of this achievement. Although the returns on capital are still low, and are likely to remain so for the foreseeable future, the industry has demonstrated that it has been able to adapt successfully to the changing agricultural environment in an admirable fashion.

I remain optimistic about the future of our industry. Projections of population growth show an expected growth of 36 percent within the next 13 years and 66 percent within 23 years. Consequently, food production would have to increase at an annual compound rate of approximately 2,5 percent per year for the next 13 years. Assuming the maintenance of present standards of living, more fertilizer will have to be used to produce food for this growing population.

In ooreenstemming met rasionalisasie- en kostebesparende maatreëls wat in die bedryf in werking is, moes die Misstofvereniging ook by veranderde omstandighede aanpas. In die praktyk beteken dit minder fondse en mannekrag terwyl gepoog word om die essensiële diensfunksies in stand te hou.

Die Vereniging het voortgegaan om met die Departement van Landbou en Watervoorsiening en ander in-

stansies saam te werk ten einde bemestingsadvies onder die vaandel van die Gekoördineerde Voorligtingsaksie te koördineer. Mnr Koos Bornman is onder andere verantwoordelik vir hierdie funksies en het hy in die kort tyd wat hy by die Vereniging werksaam is, homself reeds deeglik laat geld. Goeie vordering is gemaak met die daarstel van gekoördineerde riglyne vir droëlandkoring in die OVS en vir mielies in die hoë potensiaal/lae risikogebiede. Ongelukkig kan dieselfde nie gesê word sover dit vordering betref om gekoördineerde riglyne vir mielies in hoë risiko/lae potensiaalgebiede te bepaal nie. 'n Intensiewe herevaluering van 'n groot bron bestaande MVSA navorsingsdata is feitlik afgehandel en 'n verslag daaroor sal binnekort verskyn en sal ook aan die departement voorgelê word vir oorweging. Met die aanstelling van mnr Bornman in die huidige navorsingskoördineringspos is die evaluering van bestaande en nuwe data as 'n hoë prioriteit gestel, onder andere met die doelwit om geskikte metodes vir risiko-kwantifisering in bemestingsadvies-bediening te inkorporeer. Goeie vordering word ook in dié verband gedoen en sal daar binnekort oor verslag gedoen word.

Interimmaatreëls is getref om die MVSA se ontledingsgehaltebeheerskema in 'n gewysigde vorm tot ten minste die einde van 1989 te bedryf. Gedurende die periode sal die effektiwiteit van die interimmaatreëls geëvalueer word, voordat oorweging aan 'n moontlike alternatiewe beheerstruktuur gegee sal word. In samewerking met verskeie instansies is goeie vordering ook gemaak met die standaardisering van verskeie geldende ekstraheringsmetodes wat in grondontledings gebruik word. Ons is jammer om mnr Buys, wat die einde van die maand met pensioen uittree, se dienste te verloor. Hy is die vader van die Vereniging se ontledingsgehaltebeheerskemas en het onskatbare diens op vele ander terreine ook gelewer.

Die Vereniging het ook weer 'n aanvang geneem om verkoopstatistieke van die bedryf op 'n kwartaallikse basis in te samel, nadat die diens vir 18 maande opgeskort was. Mnr Ranwell sal weer verantwoordelikheid vir die belangrike funksie aanvaar. Hy moes ook op kort kennisgewing die sekretariële- en finansiële funksies van die Vereniging as addisionele las op sy skouers neem.

Mev Vosloo is benewens haar ander pligte ook verantwoordelik vir die reëlings van hierdie byeenkoms.

I would like to express our sincere thanks to the above personnel for their efforts during the year, but in particular, I would like to add a special word of appreciation to Hilmar Venter, the director, for the exemplary way in which he has handled our affairs in what was a very demanding year. The fact that the Society is still able to operate so efficiently, notwithstanding severe cuts in expenditure, is a tribute to his efficiency, loyalty and dedication.